

## Preekvoorligting Sondag 11 Oktober 2020

**Skriflesing:** Psalm 27

**Teksvers:** Psalm 27: 4, 5

**Tema:** Ervaar God se heil in jou Godgerigte lewe.

Hoe voel jy – bietjie terneergedruk oor alles van hierdie lewe? Aan die eenkant die alewige aanwesigheid van die spook van die nimmereindigende pandemie en die invloed wat dit het, aan die ander kant omstandighede wat nie direk aan die pandemie gebind kan word nie, maar wat wel die gevoel van terneergedruktheid aanwakker. Waar laat al hierdie dinge ons, wat bly vir ons oor om mee sin te maak van hierdie aardse bestaan? In antwoord hierop Psalm 27.

Vers 4: *“Een ding het ek van die Here begeer, dit sal ek seek: dat ek al die dae van my lewe mag woon in die huis van die Here, om die lieflikheid van die Here te aanskou en te ondersoek in sy tempel”*. Wat is die grootse saak van die lewe vir Dawid? Hy stel dit duidelik: *“Ek wil woon in die huis van die Here”*. Die betekenis hier is dat Dawid wil hom “sitmaak” in God se teenwoordigheid. Hy wil in God se teenwoordigheid leef wat dan inhou dat hy in gemeenskap met God in sy ganse lewe staan. Dit is wat Dawid sê hy vir sy lewe wil hê. ’n Mens sou eintlik kon sê dit is sy antwoord op die druk en vyandigheid wat hy beleef (verse 1 – 3). Hy draai na die Here toe. In God se teenwoordigheid, weet hy sal hy die krag en geestelike stamina kry wat hy nodig het om hierdie uitdagende omstandighede in sy lewe deur te sien. Hierdie is ’n belangrike openbaring, ’n lewensbelangrike openbaring. Ons moet besef dat dit alleen in God se teenwoordigheid is waar ons die krag vind om die uitdagings van die lewe deur te sien, ook die uitdagings van die dag en datum van ons tyd.

Dawid sê ook dat hy in God se teenwoordigheid wil leef *“om die lieflikheid van God te aanskou”*. Die *lieflikheid van God te aanskou* – wat is dit? Wanneer iemand iets besonder vir jou doen, dan sal jy maklik vir so ’n persoon sê “dit is lieflik van jou”. So, die “lieflik” en “wat die persoon vir jou doen”, hang met mekaar saam. So is dit ook met die woorde van vers 4 *“om die lieflikheid van die Here te aanskou”* bedoelende, sien dit wat God vir jou doen – dit is *om die lieflikheid van die Here te aanskou*. Sien Sy seën vir jou wat jy ervaar in jou lewe, ongeag alles en vanweë die seën vir jou in Christus.

Maar Dawid gaan verder as hy sê hy wil die lieflikhede van die Here nie net aanskou nie, maar *“hy wil dit ook ondersoek in die tempel van die Here”*. Dawid wil nie passief sit en waarneem die lieflikheid van God, dit wat God vir hom doen en gedoen het nie. Hy wil nog verder ondersoek instel, hy wil nog dieper daarin grawe wat God se lieflikheid vir hom beteken. Maar waar seek hy hierdie lieflikhede van die Here? In die tempel, in God se teenwoordigheid, om daar die verdere skatte van God se lieflikheid te ontdek, skatte wat inhou: *“Hy steek my weg in sy hut in die dag van onheil; Hy verberg my in die skuilplek van sy tent; Hy verhef my op ’n rots.”*

Wat bly vir gelowige oor? *“Wag op die Here! Wees sterk en laat jou hart sterk wees! Ja wag op die Here!”*(vers 14). Die opdrag duidelik:

**Wees gelowig, handel gelowig en ervaar so God se heil in jou Godgerigte lewe!**